# SONDAGSKOOL LES: Die Bybel is – Ons gids

**Doel van les:**

- Derde les in ons reeks oor die Bybel. Kinders gaan in hierdie les leer dat die Bybel as 'n gids gebruik kan word om ons te help in ons tyd hier op die aarde. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Inleiding: Storie – Die eienaar se gids**

Daar was eendag 'n man met die naam Kobus. Op 'n dag het Kobus baie opgewonde opgestaan. Dit was die dag wat sy splinternuwe kar afgelewer sou word. Hy het nog nooit 'n kar gehad nie, maar hy het sommer geweet om 'n kar te hê sal hom help op baie maniere.

Hoe dink julle sou om 'n kar te hê vir Kobus help?

Kobus het baie hard gewerk en vir lank geld gespaar net sodat hy 'n nuwe kar kon koop. Toe uiteindelik is die oomblik hier. Die man wat die motor aan Kobus verkoop het, het voor sy huis gestop met die blink nuwe kar.

"Wil jy hê ek moet jou wys hoe die kar werk?" het die verkoopsman gevra.

"Ag nee wat, ek is seker ek sal weet hoe." het Kobus geantwoord.

Die verkoopsman sê toe "Ok, maar as jy hulp nodig het, daar is 'n spesiale boek oor karre onder die sitplek wat jou sal help."

Die verkoopsman is daar weg en Kobus het opgewonde na die deur van die motor gehardloop om dit oop te maak, maar dit wou nie. Dit was vir hom snaaks, want by die winkel het die deur sonder probleme oopgegaan. Kobus het al om die kar geloop en deur die vensters gekyk en gedink dat die sitplekke darem sag lyk om in te sit.

Net toe kom sy vriend Johan daar aan.

"Dis 'n mooi kar Kobus. Maar hoekom loop jy al om dit in plaas van om in te klim?" het Johan gevra.

Kobus antwoord toe dat hy die kar nou net gekry het, maar dat daar fout is met die deure.

Johan het gelag en gevra: "Fout met die deure? Het jy al probeer om dit oop te sluit."

Kobus het skaam met een van die sleutels probeer om die deur oop te sluit, maar maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, die deur wou glad nie oop nie.

Johan sê toe: "Jy gaan daardie sleutel breek. Dis in elk geval die kattebak se sleutel. Probeer 'n ander een."

Uiteindelik het Kobus die deur oopgesluit gekry en toe sit hy agter die stuurwiel. "Kom ons luister bietjie radio.' Het Johan gesê.

Na baie gesukkel het Kobus die radio aan gekry, maar hy het nie van die liedjie gehou wat speel nie. Hy het probeer van stasie verander, maar kon nie. "Kobus, jy moet hierdie knoppie druk." het Johan gesê.

"Kobus, het jy nie die boek gelees wat jou wys hoe als in die kar werk nie?" het Johan gevra.

"Ek het nog nie tyd gehad nie. Kom ons ry nou eers bietjie met my nuwe kar." sê Kobus.

"Nou goed, maar ek hoop jy weet wat jy doen." sê Johan.

Net toe het Kobus weggetrek, maar agteruit. Hoe meer hy knoppies druk en die stuurwiel daar, hoe meer het die kar net aangehou agteruit ry in 'n boom vas!

"Hoekom het jy nie gestop nie?" skree Johan

"Ek het nie geweet hoe nie!" huil Kobus.

Verlede week het ons geleer dat die Bybel die woord van God is. Vandag kyk ons na wat die Bybel vir ons beteken. Wanneer jy en jou familie met vakansie gaan na 'n plek waar julle nie vantevore was nie, is dit belangrik om die een of ander soort gids te hê wat jou te wys hoe om daar uit te kom. Wat noem mens so 'n gids? 'n Kaart. Verbeel jou jy stap deur 'n gevaarlike bos iewers in Afrika. Sou jy nie 'n gids wou gehad het om jou die pad te wys nie? Natuurlik sou jy.

**Aktiwiteit: Regte volgorde:** Gee vir elke groep genoeg blinddoeke vir elke kind in die groep en 'n koevert met Psalm 119:105. Al die woord van die vers moet voor die tyd deur die leier uitgeknip word. Die kinders moet geblinddoek die Psalm se woorde in die regte volgorde sit, deur net na die groepleier se instruksies te luister.

**Kleingroep bespreking:**

**Lees Psalm 119:105 en Psalm 119:130**

Wat sê hierdie twee verse vir julle?

'n Lig op 'n donker pad help ons om te kan sien waarheen ons gaan. Net soos wat ons die eienaarsgids moet volg om 'n nuwe motor se funksies te ken of 'n kaart om by jou vakansie bestemming uit te kom, so het ons die Bybel nodig om reg te leef.

Baie lank gelede, voor Jesus se geboorte, het die volk Juda God se Woord verloor. Hulle het geen gids gehad om te volg nie, so natuurlik het hulle gedoen wat verkeerd was in God se oë. Maar toe is God se Woord gevind. Kom ons kyk wat gebeur het.

**Groepwerk: Lees 2 Konings 22:1-20**

1. Hoe oud was Josia toe hy koning geword het? (Net 8 jaar oud. Dink bietjie terug aan toe jy 8 jaar oud was.)
2. Waar is die Wetboek gevind? (In die huis van die Here)
3. Wat het Josia gedoen nadat hy die woorde van die Wetboek gehoor het? (Hy het sy klere geskeur en gehuil)
4. Hoekom was Josia bekommerd dat God kwaad sou wees? (Hulle vaders het nie geluister na die Woord van die Here nie.)
5. Wat het met Josia gebeur omdat hy God se Woord wou volg? (Hy is in vrede begrawe en sy oë sou nie die onheil sien wat God oor daardie plek sou bring nie.)

Die Bybel is ons gids in die lewe, maar dit help ons glad nie as ons nie weet wat die Bybel sê nie. Dit is hoekom dit belangrik is om die Bybel te lees en te bestudeer. Die mense in Josia se tyd het 'n verskoning gehad, omdat hulle nie geweet het waar die Wetboek is om dit te kon lees nie. Ons het geen verskoning om nie die Bybel te lees nie, die Bybel is in ons tyd maklik om te kry. Julle het netnou gelees dat die Bybel vir ons 'n lamp, 'n lig op ons pad is. Hoe nader ons aan die lig is, hoe beter kan ons sien wat reg en verkeerd is. Hoeveel tyd spandeer jy daagliks met jou Bybel?

**Sluit af met gebed in groepe.**

Psalm 119:105: U woord is ‘n lamp vir

my voet en ‘n lig vir my pad

Psalm 119:105: U woord is ‘n lamp vir

my voet en ‘n lig vir my pad

Psalm 119:105: U woord is ‘n lamp vir

my voet en ‘n lig vir my pad